

Maandag

Skriflesing Hand. 7:1-8; 1 Tess.1:1-10, 4: 4-8, 5:1-11. Teks 1 Tess. 5: 5,6: Tema: In ons onversteurbare rus met God leef ons wakker en nugter in donker tye. (Dié tema sal nog duideliker word in die volgende dagstukkies). Paulus skryf hierdie brief aan gelowiges wat dreig om moedeloos te word in hulle toewyding aan Jesus Christus. Hoofstuk 1 en 4 (van 1 Tessalonisense) wys wat hulle so moedeloos maak. Deur die evangelie bediening het vooraanstaande Grieke in die stad hulle bekeer van hul afgode (1:9). Hulle het deel van die Here se gemeente geword. Nou vervreem geloof, liefde en hoop hulle van hul volksgenote. Hulle GELOOF in die Here se genade en liefde, hulle LIEFDE volgens God se wet en hulle HOOP op die koms van Christus, het hulle losgemaak van hulle volksgenote. Hulle volksgenote se lewenswyse word gedryf deur hul sondige hartstogte en begeertes (4:5). Dit is nie net 'n persoonlike lewenswyse nie, maar die openbare sosiale kontrak wat hulle met mekaar as gemeenskap oor hulle sondes gemaak het, deur die openbare mening: "Alles is rustig en veilig (5:3). Dit is die kenmerk van 'n heidense gemeenskap: openbare rus en veiligheid word gebaseer op die aanvaarding van sondes as openbare deugde. In 'n heidense gemeenskap regverdig elke afgod 'n eie sondige drif as 'n sosiale deug en plig binne die volk: dronkenskap is feesviering in die naam van die god Bacchus; seksuele losbandigheid is die liefde wat die godin Venus in mense laat ontvlam; en geweld is die krag wat die god Apollo in mense aandryf. Hierdie openbare sosiale kontrak: "ons is rustig en veilig in ons sonde met mekaar, elkeen doen wat hy wil, soos hy wil, en elkeen glo in die goedheid van sonde", het die gelowiges moedeloos in hul toewyding aan die Here gemaak. Preek op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Dinsdag

Skriflesing Hand. 7:1-8; 1 Tess.1:1-10, 4: 4-8, 5:1-11. Tema: 'In ons onversteurbare rus met God leef ons wakker en nugter in donker tye.' In die stad Tessalonika het Christene se geloof, liefde en hoop openbare onrus veroorsaak. Dit het die gemeenskap se orde en veiligheid bedreig. Hoe so? Want nou is daar in die heidendom 'n groep mense wat breek met hul sondige hartstogte en begeertes, en alles waardeur daar vir heidene rus en vrede is, het die Christene openlik as sonde teen God bely. Hierdie kontrakbreuk het woede en 'n gevoel dat die sosiale orde bedreig word by die heidene laat posvat. Die gemeenskap het dus in oproer teen Paulus en Silas gekom. Hulle beskuldiging dat Paulus en Silas in stryd handel met die keiser se wette en sê dat daar 'n ander koning is, naamlik Jesus, (Hand. 17: 7) was 'n verdraaide beskuldiging van politieke verset. Maar dit wys net die driftigheid waaroor dit in hierdie beskuldiging gaan. Die Here Jesus word nou openlik bely as die Here van die keiser: die keiser is nou in diens van en onderworpe aan die mag van Jesus Christus. (Rom.13:4.) In die heidendom is menslike mag absoluut, maar gode se magte relatief: daar is net een keiser, maar baie gode! Heidene vereer menslike mag met hulle hele hart, siel, verstand en al hul kragte, maar het gode lief net soos hul self. Absolute menslike mag is vir hulle die openbare rus en veiligheid van 'n heidense gemeenskap. Om in die Here se liefde volgens die evangelie te glo

en Hom volgens sy geboorte lief te hê (soos die Christene doen) is 'n breuk met die heidense sosiale kontrak dat elkeen sy eie sonde met sy eie god kan bedryf, maar ALTYD aan die absolute totale mag van die keiser onderworpe moet wees. Dit gooi die sosiale kontrak oor sonde en afgode "Alles is rustig en veilig" omver! Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za en Ds Petrus.

Woensdag

Skriflesing 1 Tess.1:1–10, 4: 4–8, 5:1–11. Tema: 'In ons onversteurbare rus met God leef ons wakker en nugter in donker tye.' Paulus bevestig aan die gelowiges dat hulle geloof, liefde en hoop maak hulle mense van die dag en lig, en dat heidene met hul sondige hartstogte en begeertes mense van die nag en duisternis is (1 Tess. 5:5). Die gelowiges het moedeloos geword omdat die heidene se sosiale kontrak oor mekaar se sonde dat "alles rustig en veilig" is, veroorsaak het dat gelowiges uit die openbare lewe moes wegbly sodat heidene hul sondige lewenswyse as die openbare lewe van die gemeenskap kon uiteleef. Paulus sê dat die oordeelsdag sal die heidene se onderskeid van wat openbare deugdes en wat openbare ondeugdes is, finaal beëindig. Daarom bepaal die Here se oordeelsdag wie rustig en veilig kan leef, en wie beangs en bedreig moet wees - nie die openbare mening van die gemeenskap nie. Gelowiges leef nou reeds in die rustigheid en veiligheid dat hulle nie bestem is om gestraf te word vir sonde nie, al neig hulle tot en doen hul self ook sonde. Met die oordeelsdag sal hulle finaal verlos word van hul eie sondige neigings, maar nou reeds leef hulle saam met die Here in sy liefde wat hul ewige bestemming is (1 Tess. 5: 9.10). Hulle lewe saam met die Here en tot en met die oordeelsdag, is hul in Hom rustig en veilig. Die selfversekerdheid van heidene dat hulle rustig en veilig in hul sonde is, is gewoon net die selfopgemaakte rustigheid en veiligheid van dronklappe (5:7). Hul hartstogte en begeertes maak hulle so dronk dat hulle geen aanvoeling of begrip het vir die werklikheid van hul posisie en bestemming in God se skepping nie. Hulle leef in die nag en God sal soos 'n dief na hulle kom en hulle met angs en dreiging oorval. Ds Petrus.

Donderdag

Skriflesing 1 Tess.1:1–10, 4: 4–8, 5:1–11. Tema: 'In ons onversteurbare rus met God leef ons wakker en nugter in donker tye.' Hulle wat saam met Christus as Here in sy liefde leef, kan in die bedreiging van die openbare gemeenskap rustig en veilig aangaan met hul lewe. Wie volgens hul hartstogte en begeertes as openbare deugdes leef, moet beangs en bedreig voel vir die Here. Wie is rustig en veilig? Die gelowige boer en sy gesin wat saam in 'n plaashuis bly of hulle wat in die nag plunder en moor? Wie gelowig in 'n plaashuis bly, leef in die lig terwyl dit donker is. Hierdie lewe in die lig gaan daaroor om van vroegaf af besig te wees met die boekhouding, die beplanning, en bestuur van die boerderybedryf terwyl dit donker is buite; om van vroeg af al, terwyl dit nog buite donker is, op te staan en alles gereed te kry vir die dag se werk. Maar in die donker is leeglêers en niks nutte op die plaas besig om agter hul sondige hartstogte en begeertes rond te loop om te aas. So wie kan "alles is rustig en veilig" leef? Die gelowiges in die huis wat vir die dag gereed

maak of hulle wat in die donker plunder? Die aankondiging “Julle weet self maar alte goed dat die dag van die Here onverwags kom soos ’n dief in die nag.” (1 Tess. 5:2) wys dat die dag van die Here vir diewe (wat onverwags wil toeslaan) onverwags sal vang. Die Hére sal hulle onverwags onkant betrap in hul gewaande rus en veiligheid. Die son sal opkom, en dan gaan hulle wat in die lig van die huis hul self gereed gemaak het vir die koms van die dag, rustig en veilig besig kan wees. In die donker van die laataand en vroegoggend, leef ons rustig en veilig, besig met die lewe saam met Christus in die lig wat Hy vir ons in die nag is. Ds Petrus.

Vrydag

Skriflesing 1 Tess.1:1–10, 4: 4–8, 5:1–11. In ons onversteurbare rus met God leef ons wakker en nugter in donker tye. Gelowiges leef rustig en veilig, maar wakker en nugter in ’n heidense land! Hoe leef ons in plaashuise terwyl die mense van die nag ons plunder? Ons leef wakker en nugter vir die aanvalle van hulle wat die vrug van ons lewenswyse by ons wil roof! In ’n heidense gemeenskap is geloof, liefde en hoop gelowiges se pantser, se borsharnas en helm, teen die lewenshouding dat sonde nou rustig en veilig as deugdes geleef kan word. Die openbare lewe en openbare gemeenskap wat ons ken as die nuwe Suid Afrika het ’n heidense gemeenskap geword. Die president, kabinetslede en amptenare het kleptokrasie en anargisme die openbare orde gemaak wat deur sake- en bedryfleiers nagevolg word. Poligamie en ongetroud saambly word as deugdelike openbare instellings wetlik bevestig. Die gelykwaardigheid van gode word as openbare deug voorgelê en teoloë regverdig sondige verhoudings as liefdevolle verhoudings. Die enigste sonde is “wittes” se rassisme teen “swartes”! Want dit is die mag van die keiser aan, die heersende mag se absoluteitheid en verhevenheid bo aanspreeklikheid. In hierdie heidense gemeenskap word Christus deur geestelikes gepreek as net nog ’n afgod wat hartstogte en begeertes bevredig: “Jesus wil graag hê jy moet gelukkig wees, ’n lewe van oorgloed en voorspoed hê, en van die nuwe Suid Afrika ’n sukses maak!” Christene ken hierdie rustigheid en veiligheid as sonde, as die dronkenskap van heidene. Dit is nie die werklikheid van die lewe saam met Christus nie. Preek beskikbaar op Google by ngkekrlevubu.co.za Ds. Petrus.